

# Matteus 7

## Matteus 7 – Francois Malan

### Japie vra:

Wat wil Jesus vir ons in Matteus 7:1-6 se. Baie dankie

### Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Verse 1-5 handel oor onderlinge verhoudings, veral in die Christelike gemeente (vgl. 'jou broer' in vv3-5), oor hoe om mekaar lief te hê as die opsomming van die wet en die profete (7:12: Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen; vgl. 22:39-40: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself).

Dit beteken nie dat gelowiges geen oordeel oor mekaar mag vorm nie, vgl. bv. 18:15-18; maar dat hulle beoordeling van mekaar in liefde moet geskied en nie veroordelend of foutvinderig moet wees nie. Beoordeling van foute en swakhede moet met jouself begin, en jy moet jouself baie deeglik ondersoek, terwyl jy ander gelowiges genadig en verdraagsaam moet beoordeel. God sal jou oordeel volgens die manier waarop jy ander beoordeel – vgl. 6:14,15: As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle hemelse Vader ook nie julle oortredings vergewe nie (vgl. ook 18:32-35: So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie).

Hoe groter jou bewustheid van jou eie swakhede en gebreke, hoe groter sal jou simpatie wees met ander se swakhede en gebreke

(v5).

'n Huigelaar ignoreer belangrike gebreke in homself, in sy gesindheid en optrede teenoor ander, maar veroordeel selfs klein gebreke in ander mense. Op die manier leef hy/sy nie volgens Jesus se gebod om mekaar lief te hê nie.

Volgens Matteus 13:55 het Jesus as die seun van 'n timmerman groot geword in 'n werkswinkel wat met hout gewerk het. 'n Splinter (die woord kan ook saagsel of 'n stoffie aandui) kan maklik in jou oog kom in so 'n werkswinkel. En 'n balk is juis waarmee die timmerman werk. 'n Klein foutjie in 'n ander persoon sien jy so maklik raak. Maar die geweldige groot rol wat jou eie ek en jy self in jou eie lewe speel word gerieflik oorgesien. Dit is juis die persoon wat homself regverdig wat ander maklik veroordeel. Maar as jy jouself aan Jesus se voorbeeld en aan sy woord meet, weet jy hoe ver jy tekort skiet.

Terwyl 7:1-5 ook in Lukas 6:37-42 (vgl. Markus 4:24) voorkom, kom 7:6 net in Matteus voor. Matteus het dit opgeneem in sy versameling van woorde van Jesus in Matteus 5-7.

Die sending om die evangelie van die koninkryk te verkondig is dringend, en word in Matteus 28:19 uitgebrei na alle nasies, soos ook in 24:14. In hierdie sending van die kerk na alle mense hang dit grootliks af van die ontvanklikheid van die mense wat die evangelie hoor. Wat die reaksie van mense op die verkondiging van die evangelie sal hê, kan nie vooraf bepaal word nie. Maar wanneer Jesus se dissipels of volgelingen teenstand en vyandigheid kry, moet hulle nie aanhou om aan daardie persoon of persone die blye tyding te verkondig nie. In 10:13-14 het Jesus reeds vir hulle gesê: As die huismense nie goedgesind is nie, trek julle vredewens dan terug. As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister

nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. Dan moet hulle aangaan om die boodskap aan ander mense te gaan meedeel. Dit gaan hier oor die ontvanklikheid vir die evangelie.

‘Wat heilig is’ en ‘julle p rele’ verwys so na die kosbare evangelie van verlossing van ons sondes deur Jesus Christus, die Seun van God, se offer aan die kruis, en van die nuwe verhouding met God as ons Vader en ons as sy kinders deur te glo in sy Seun Jesus Christus.

Die ‘honde’ wat sal omspring en ons verskeur, en die ‘varke’ wat die p rele met hulle pote sal vertrap, verwys dan na die mense wat weier om die evangelie te aanvaar, en selfs vyandig reageer teenoor die verkondigers van die evangelie. Onder die Jode was honde en varke as onrein diere beskou.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)